***HOOFSTUK EEN***

## ***TENDENSE IN SUID-AFRIKA SE EKONOMIESE ONTWIKKELING: 'N BREë AGTERGRONDSKETS***

### ***1.1 INLEIDING***

Die ontginning van nuwe seeroetes gedurende die vyftiende eeu om produkte vanaf die Verre Ooste na Europa te vervoer, moet allerweë as die aanleidende rede vir die Portugese se ontdekking van die Kaap die Goeie Hoop in 1488 deur Bartholomeus Dias beskou word.[1] Dias se ontdekking illustreer die primêre rol wat kommunikasieweë destyds al ten opsigte van ekonomiese voorspoed gespeel het. Dit onderstreep ook die oorheersende posisie wat ekonomiese doelwitte met betrekking tot die aktiwiteite van lande buite hul landgrense ingeneem het.

Die tydperk van die 17e en 18e eeu word bestempel as 'n periode van ekonomiese wêreld ordening waartydens koloniale ryke en 'n netwerk van handelsverbindinge ontstaan het.[2] Midde in hierdie periode van die sogenaamde Merkantilistiese Wêreldorde,[3] en die aktiwiteite van koopmanne en seelui, het blankes uit veral Wes-Europa hulle as koloniste in ander kontinente gevestig.[4] Hiérdie wêreldordening, wat aanvanklik die karakter van kommersiële kolonialisme aangeneem het, het in sy latere fase – en wel tydens industriële ontwikkeling – die karakteristieke van industriële vertoon. Dit was 'n groot dryfveer vir gebiedsuitbreiding.[5]

Dit was dan juis dié era van ekonomiese wêreldordening dat die *Vereenighde g'Octroijeerde Oost Indische Comp.*[e] (VOC) in Nederland, na aanleiding van L. Jansz en N. Proot se *Remonstrantie*, in 1649 besluit om die Kaap die Goeie Hoop as verversingstasie vir

---

[1] H.J. van Aswegen (e.a.), Die verhaal van die mensdom, pp.283-284; R. Ravan-Hart, Before Van Riebeeck: callers at South Africa from 1488 to 1652, pp.1-2 en F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974, p.1.
[2] F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974, p.3.
[3] S.J. Terreblanche, Die wording van die Westerse ekonomie: 'n strukturele analise met 'n toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie, p.35.
[4] F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974, p.3. en S.J. Terreblanche, Die wording van die Westerse ekonomie…, pp.35-37.
[5] S.J. Terrebalnche, Die wording van die Westerse ekonomie…, p.36.

verbygaande Nederlandse skepe te bekom.[6] Die ideaal om hieruit *proffijt* te maak was 'n vername doelwit.[7]

In 1652 het Jan van Riebeeck in opdrag van die VOC 'n verversingstasie aan die Kaap begin met die taak om 'n fort te bou, en 'n vrugte- en groenteplaas aan te lê. Hierdie beskeie begin het sedert 1657 wyer uitgekring tot die vestiging van vryburgers[8] op klien plaaseenhede.[9] Die Kaap het met verloop van jare hierna 'n heterogene karakter aangeneem. Immigrante uit Europese lande soos byvoorbeeld Frankryk en Duitsland, het hulle ook by die Nederlanders in die Kaap-omstreke kom vestig. Hiermee het elk terselfdertyd ook 'n deel van hulle Nasionale kultuur na Suid-Afrika gebring asook spontaan ekonomiese elemente ingedra, wat tot die vooruitgang van die land bygedra het.[10]

Die VOC het vir die grootste deel van sy 150 jaar van gesag oor die Kaap dié nedersetting met die laags moontlike insetkoste en hoogs moontlike wins bestuur. Nadat Britse gesag oor die Kaap in 1806 permanensie gekry het, het die karakter van dié kolonie geleidelik verander. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die immigrasie van Britse burgers na Suid-Afrika wat in 1820 momentum gekry het. Die gevolglike toename in handelaars en ambagsmanne het kommersiële ontwikkeling bevorder, en daarmee is 'n nuwe dimensie aan die Kaapse ekonomie gegee.[11]

Ongunstige ekonomiese omstandighede in dele van die Kaapkolonie en die verengelsingsbeleid van die Britse bewind, het egter mettertyd tot die noord- en ooswaartse trek van boere gelei. Dit was die begin van die Afrikaner se kolonisering van grondgebied buite Kaapse grense. Die Groot Trek vanaf 1836 en die daaruitspruitende vestiging van

---

[6] F.A. van Jaarsveld (red.), Honderd basiese dokumente by die studie van Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961, p.1 en G. Lauts, Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsche volkplanting, 1652-1806, pp.18-23.

[7] F.A. van Jaarsveld (red.), ***Honderd basiese dokumente…,*** pp.1, 4 en S.J. Terrebalnche, ***Die wording van die Westerse ekonomie…,*** pp.261 – 262.

[8] 'n Vryburger is 'n burger gedurende die VOC-tydperk wat die reg gehad het om 'n vry beroep te beoefen. Kyk F.F. Odendaal, P.C. Schoonees (e.a.), ***Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT),*** p.1326.

[9] A.J. Böeseken, Onder die suidersterre tussen die ooste en die weste, 1652-1795, pp.32-36.

[10] D. Houbart Houghton, ***The South African economy,*** third edition, pp.2-3 en S.J. Terrebalnche, ***Die wording van die Westerse ekonomie…,*** pp.262.

[11] S.P. du T. Viljoen, "Ekonomiese toestande in die Kaap en Natal, 1795-1870", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.52-53.

Boererepublieke in die binneland het hierdie proses van kolonisering afgerond.[12] Dit het ook noodwendig daartoe gelei dat nuwe afsetgebiede vir ekonomiese ontwikkeling geskep is.

Die ontdekking van minerale soos steenkool, goud, diamante gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu het ‘n omwenteling in die ekonomie van veral die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) teweeggebring.[13] Dit het vreemdelinge, oftewel uitlanders, na die gebied gelok. Hulle eis om politieke deelname binne die ZAR het tot die spanning tussen die Republiek en Brittanje bygedra wat met die Tweede Vryheidsoorlog van 1899 op die spits gedryf is.[14] Politieke en staatkundige bestendigheid is eers met Uniewording in 1910 verkry. Op die ekonomiese terrein was intense verstedeliking, industrialisering en ekonomiese opheffing hierna aan die orde van die dag.[15]

### *1.2 ONTWIKKELINGSFASES*

Die voorafgaande ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika val uiteen in drie duidelik onderskeibare fases, te wete die landboufase (1652-1867), die landbou-mynboufase (1868-1910)[16] en die landbou-mynbou-nywerheidsfase (1910-hede).[17] Alhoewel elk van hierdie fases pertinent aan ‘n sektor of kombinasie van sektore se posisie in die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika gekoppel is, word slegs dié sektor(e) soos wat dit in ‘n bepaalde fase in die besonder manifesteer, oorsigtelik bespreek.

---

[12] C.R. Kotzé, “ ’n Nuwe bewind, 1806-1834”, C.F.J. Muller, ***500 Jaar Suid-Afrikaaanse geskiedenis,*** derde uitgawe, p.128 asook C.F.J Muller, “Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854”, C.F.J. Muller, ***500 Jaar Suid-Afrikaaanse geskiedenis,*** derde uitgawe, pp.151-152, 154 en S.J. Terrebalnche, ***Die wording van die Westerse ekonomie…,*** pp.262-263.

[13] F.J. Potgieter, “Die ekonomiese ontwikkeling van die Transvaal, 1837-1886”, A.L. Müller, ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.130-133.

[14] J.S. du Plessis, “Die Suid-Afrikaanse Republiek”, C.F.J. Muller, ***500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,*** pp.291-298, 301-302.

[15] C.G.W. Schumann, “Die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika, 1910-1939”, A.L Müller, ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.229-231, 234; S.J. Terreblanche, ***Die wording van die Westerse ekonomie…,*** pp.264-265, 267, 279 en I.J. van der Merwe en A. Nel, ***Die stad en sy omgewing: ‘n studie in nedersettingsgeografie,*** pp.6, 14.

[16] G. Marais, Die verband tussen ekonomiese ontwikkeling en vestiging van sekondêre nywerhede in die Republiek van Suid-Afrika, pp.6, 14.

[17] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** fourth edition, p.501 en C.G.W. Schumann, “Die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika, 1910-1939”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** p.224.

### *1.2.1 Die landboufase, 1652-1867*

Die landboufase in die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika begin met die administrasietermyn van die VOC aan die Kaap sedert 1652 tot 1795. Dié fase volg verder deur die Britse anneksasie van die Kaap in 1795 en hul administrasie wat agt jaar geduur het. Hierna het die Bataafse regering gevolg wat Nederland se inspraak in die Kaap in 1803 herstel het. Dit was egter van korte duur, aangesien Brittanje sy gesag in 1806 opnuut bevestig het. Die Britse administrasie van die Kaap was hierna gekonfronteer met prominente gebeure wat die ekonomiese ontwikkelingsgang van die kolonie geraak het. Hieronder tel die talle grensoorloë, gevolg deur die Groot Trek in 1836 en die totstandkoming van onafhanklike Boererepublieke buite Britse jurisdiksie. Daarna het die ontdekking van goud al hier in 1867 gevolg,[18] wat derhalwe as motivering vir die afsluiting van die eerste fase dien.

Gedurende die regeringstermyn van die VOC is die landboubedrywighede deur die vryburgers en deur immigrante van Europese lande waar 'n intensiewe landboustelsel gegeld het, gestimuleer. Dit het 'n voordelige uitwerking op byvoorbeeld die wynboerderybedryf gehad.[19] Die gemiddelde boer het egter 'n armoedige bestaan gevoer. Benewens die slawe met wie dikwels probleme in die arbeidsopset ondervind is,[20] was die monopolistiese handelsbeleid van die VOC, soos ten opsigte van met wie handel gedryf word en aan wie pagregte op produkte, soos byvoorbeeld wyn en vleis, uitgereik word, verdure redes vir boere se frustrasies en armoede.

Binne die landbousektor was die graan- en wynboerdery sowel as die veeteelt aanvanklik die vernaamste bronne van welvaart. Die Kompanjie het egter die pryse van produkte vasgestel, en juis dìt het veroorsaak dat graan- en wynboere nie winsgewend kon produseer nie. Met veeboere het dit ietwat beter gegaan.[21] Tog het 'n gebrek aan weidingsgebied mettertyd die uitwyking van veeboere na die binneland, met die oog daarop om vrugbare grond vir weidingsdoeleindes te verkry, bevorder. Hiérdie migrasies oor die Trans Oranje

---

[18] C.T. Campbell, ***British South Africa…,*** pp.20-21 en C.F.J. Muller (red.), ***500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,*** pp.19-333.
[19] D. Houbart Houghton, ***The South African economy,*** third edition, pp.2-3.
[20] A.J. Böesken, Onder die suidersterre tussen die ooste en die weste, 1652-1795, pp.33-34, 37-38.
[21] P.J. van der Merwe, ***Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842,*** pp.1-20 en A.J. Böeseken, "Ekonomiese toestande aan die Kaap, 1652-1795", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.14-18, 27-28.

sou ook kontak en konflik tussen blank en inboorling met betrekking tot grondbesit tot gevolg hê.[22]

Na die Britse oorname van die Kaap in 1795, het die gebied oor die algemeen gesonder daaruitgesien.[23] In hierdie stadium is die landbousektor egter steeds deur armoedige boere en deur die gebruik van primitiewe landboutoerusting gekenmerk.[24] Gedurende die kortstondige Bataafse periode (1803-1806) weer is nouer skakeling tussen grensboere en plaaslike owerhede bewerkstellig deur die aanwysing van veldkornette wat met geringe administratiewe aangeleenthede belas is.[25]

Tydens die tweede Britse regeringstermyn (1806-) is heelwat aandag aan die verbetering van landboutoerusting geskenk. Teen 1836 was daar al sowat 70 000 blanke boere wat in die vee- en/of akkerbedryf gestaan het. Ten spyte van hierdie bedrywe se groot getal beoefenaars is dit die wynbedryf wat gesorg het dat wyn in hierdie stadium Suid-Afrika se gesogste uitvoerproduk was.[26]

Ten tyde van bovermelde gunstiger toedrag van sake in die landbousektor, teen die agtergrond van die Britse regering se bemoeienis en die koms van die Britse Setlaars in 1820, het boere aan veral die oosgrens frustrasies ervaar wat teen die dertigerjare op die spits gedryf is.[27] Die Britse administrasie is daarvan beskuldig dat hulle ’n onsimpatieke oor jeens boere se probleme had. Ekonomies-gerigte probleem soos ’n gebrek aan voldoende arbeid en grond vir die funksionering van ’n behoorlike boerderybedryf, min kapitaal en die vlaag van veediefstalle en grensoorloë, in veral die oosgrensdistrikte Uitenhage, Graaff-Reinet, Cradock en Grahamstad, het die Groot Trek na die noorde bevorder.[28]

---

[22] P.J. van der Merwe, Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek, 1770-1842, pp.130-133, 211, 301-306.
[23] J. Noble, South Africa, past and present: a short history of the European settlements at the Cape, p.27 en D. Houbart Houghton, The South African economy, third edition, pp.3-4.
[24] C.F.J. Muller, “Die nuwe Britse ondernemers van die vroeë negentiende eeu”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** p.86.
[25] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** fourth edition, p.37.
[26] C.F.J. Müller, “Die nuwe Britse ondernemers van die vroeë negentiende eeu”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** p.79, 86.
[27] C.R. Kotzé, “ ‘n Nuwe bewind, 1806-1834”, C.F.J. Muller (red.), ***500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,*** pp.124, 134-135.
[28] C.F.J. Muller, Die Briste owerheid en die Groot Trek, pp.62, 65-66, 73-76.

Trekkerboere in die huidige Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal is gedurende hul besetting van dié gebiede tussen ongeveer 1837 tot 1850, volgens 'n eenvoudige stelsel van groot plase voorsien. In hierdie stadium was hulle egter in 'n swak finansiële posisie omdat hulle fondse, na 'n lang en vermoeide Trek vanaf die Kaap, uitgeput was. Gevolglik was die grond aanvanklik skaars behoorlik benut en hulle lewenstyl meer selfonderhoudend gerig. Landbougereedskap was 'n luuksheid, en juis 'n gebrek hieraan het die veeboerderybedryf vir boere aanlokliker gemaak.[29] Wat die Wes-Transvaal betref, het gewasverbouing eers na 1851-1852 daadwerklik aandag as 'n winsgewende bedryf gekry, alhoewel nog op 'n beperkte skaal.[30]

Die landbouproduksie van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS) was teen 1867, naamlik toe diamante en daarna goud ontdek is,[31] grotendeels van die ekonomiese struktuur van die Kaapkolonie afhanklik. Etlike produkte soos byvoorbeeld wol en velle wat in die Republieke geproduseer is, is in die Kaap verhandel. Die rol van die Kaapkolonie as vername handelsentrum vir invoere vanaf die binnelandse mark het na 1867 nog verder toegeneem.[32]

### *1.2.2 Die landbou-mynboufase, 1868-1910*

Die strewe na die benutting van minerale as bron van inkomste was reeds in die Kompanjiestyd aanwesig[33] en het veral vergestalting gekry in Simon van der Stel se beroemde reis na die Koperberge.[34] Die eerste noemenswaardige eksploitering van hierdie ekonomiese bates, na die ontdekking van diamante en goud in die tweede helfte van die negentiende eeu, het gepaard gegaan met ongekende immigrasie en 'n grootskaalse

---

[29] D.M. Goodfellow, A modern economic history of South Africa, p.52 en C.F.J. Muller, Die Britse owerheid en die Groot Trek, pp.61, 118-121, 150.
[30] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal, 1837-1886 met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, pp.60-61, 124, 127 en A.N. Pelzer, die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, I: wordingsjare, p.179. Vergelyk ook Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Potchefstroom Landdrosargief (PLA), Band 64, register, aantekening van plase, 1861-1864 asook Band 149, Markboek, 1858-1860.
[31] D. Houbart Houghton, ***The South African economy,*** p.13.
[32] C. Bundy, The rise and fall of the South African peasantry, second edition, pp.110-111. Vergelyk ook D. Houbart Houghton, The South African economy, p.13 en C.F.J Müller, 500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p.207.
[33] A.J. Böeseken, "Ekonomiese toeastande aan die Kaap, 1652-1795", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** p.30.
[34] A.J. Böeseken, Simon van der Stel en sy kinders, pp.70-71.

arbeids- en kapitaalvloei.[35] Dit het op sy beurt veral in Kimberley en aan die Witwatersrand groot bevolkingssaamtrekke uit alle volkere tot gevolg gehad.[36] Suid-Afrika het as gevolg hiervan ‘n gedaanteverwisseling ondergaan.[37] Nie alleen was hierdie minerale-ontdekkings die beweegkrag vir die ontplooiing van die eerste geïndustrialiseerde en kosmopolitiese gemeenskappe in Suid-Afrika nie, maar dit was ook die land se daadwerklike toetrede tot die mynbou-, benewens die landbousektor. Daarmee is die ekonomiese swaartepunt vanaf die suide na die noorde verskuif.[38] Dit was ook ‘n lont vir die sluimerende Britse imperialistiese simptoom, wat ontaard het in politieke konflik en uiteindelik oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke.[39]

Die landboubedryf spesifiek het uit die gekonsentreerde koopkrag van mense, woonagtig naby myne, voordeel getrek. Beide die Kaap en Natal het hul handelsbande met die Republieke verstewig[40] en daarmee in die kompetisie met die landbousektor van die ZAR en die OVS getree. Dit het genoodsaak dat die boere in die Republieke, van wie die grootste deel Afrikaanssprekend was, met ’n nuwe perspektief na die omvang en kwaliteit van hulle produksie gekyk het.[41] Hiervan is die hou van landboutentoonstellings, die stigting van die Landbouraad in 1898 sowel as die organisering van landbouverenigings in 1903 en landboukoöperatiewe bewegings in 1905 sprekende voorbeelde.[42]

Te midde van die geweldige invloed wat die ontdekking van minerale bronne op alle terreine van die samelewing in Suid-Afrika gehad het, het dit ook buitelandse investering aangemoedig. Dit is beraam dat sowat R700 miljoen buitelandse kapitaal gedurende die periode 1870 tot 1913 in die land belê is. Mynmaatskappye het só individuele delwers

---

[35] C. Bundy, The rise and fall of the South African peasantry, second edition, p.111.
[36] T.R.H. Davenport, ***Sout Africa a modern history,*** fourth edition, pp.494-501 en L. Katzen, ***Gold and the South African economy,*** pp.44-46.
[37] D.M. Goodfellow, A modern economic history of South Africa, pp.57, 104, 111 en J. Nattrass, The South African economy: its growth and change, pp.132-135.
[38] F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974, p182.
[39] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** fourth edition, pp.189-191.
[40] F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974, pp.184-185.
[41] D.J. Jacobs en A.P.J. van Rensburg, “Die invloed van die mynwese op die ontwikkeling van die Vrystaatse landbou”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrikca,*** pp.196-203.
[42] J.A.S. van Niekerk, ***‘n Oorsig oor die ontwikkeling van die landbou koöperasies in die RSA,*** pp.19, 45; The South African Agricultural Union, ***“Biennial Report”*** (eighth co-operative congress, TAU hall, Pretoria, 4-6 May, 1960), pp.5-6 en D.J. Jacobs en A.P.J. van Rensburg, “Die invloed van die mynwese op die ontwikkeling van die Vrystaatse landbou”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid Afrika***, p.204.

geleidelik verdring, en sodanig gekonsolideer dat slegs sowat agt mynhuise teen Uniewording in 1910 beheer oor die minerale rykdom van die land gehad het. Ten spyte van dié eensydige konsentrasie was die ontdekking van minerale ŉ onontbeerlike ekonomiese bate vir ŉ onontwikkelde land soos Suid-Afrika.[43]

### *1.2.3 Die landbou-mynbou-nywerheidsfase, 1910-hede*

Die totstandkoming van die Unie as staatkundige eenheid word gedeeltelik beskou as die oorsaak dat ŉ nuwe gees van optimisme en voorspoed ten opsigte van die ekonomie van Suid-Afrika geheers het. Kort na dié statkundige mylpaal breek die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uit, en aanvanklik werk dit ontwrigtend in op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Suid-Afrika het egter, teen die middel van 1915, soos etlike ander lande, ook die voordele van ŉ buitengewone oorlogsaanvraag na velerlei produkte gepluk. Dit was dié oorlog, wat invoere deels bemoeilik het, en dit het die noodsaaklikheid vir die vervaardiging van fabrieksartikels in Suid-Afrika sodanig verskerp dat ŉ volskaalse nywerheidsfase inderwaarheid eers vanaf 1915 ingelui is.[44]

Die tempo van industriële groei in Suid-Afrika sedert 1915 tot ongeveer 1926 word weerspieël in die getal ondernemings wat van 5918 tot 7170 toegeneem het. [45] Die Nasionale Party (NP), wat reeds in 1924 die bewind aanvaar het, se prominente bydrae tot hierdie sector het die uitbreiding van industrieë bevorder. Enersyds was die motivering van die NP hiervoor om te verseker dat fabrieke werk aan die hoë getal armblankes sou verskaf. Andersyds was dit om die Suid-Afrikaanse ekonomie meer selfstandig te maak.[46] Daarmee het die NP, en die Verenigde Party (VP) na 1934, groot sukses gehad. Hiervan is die toename in die reeds vermelde getal ondernemings sedert 1926 tot 1936, naamlik 9987, ŉ

---

[43] J.H. Smith, "Die invloed van die mynwese op kapitaalvorming, werkgeleenthede en arbeidsverhoudinge, 1870-1909, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid Afrika***, pp.106, 212.

[44] H. Giliomee en R. Elphick (reds.), 'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1820, p.3; G.S.J. Kuschke, "South Africa, the basic philosophy on which her economic prosperity has been built", (address at the Institute of Directors dinner held in Manchester England, 14.2.1996), p.3.

[45] C.G.W. Schumann, "Die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika, 1910-1939", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid Afrika***, pp.234.

[46] B.J. Liebenberg, "Hertzog aan bewind, 1924-1939", C.F.J. Muller (red.), ***500 Jaar Suid- Afrikaanse geskiedenis,*** pp.424-425.

sprekende voorbeeld. Dit geld egter ook vir die getal blanke en swart werknemers wat sedert 1915 tot 1936 met onderskeidelik 204% en 148% toegeneem het. [47]

Wat die mynbou- en landbousektor betref, is fases van oplewing en agteruitgang gedurende 1915 tot 1939 beleef. Prominente laagtepunte in die goudmynbedryf is die Randse staking van 1922 wat gehandel het oor werksreservering en lone, sowel as Suid-Afrika se afstap van die goudstandaard in 1932 gedurende die Groot Depressie van 1930-1932.[48] Die landbousektor is die ergste deur laasgenoemde getref. Só byvoorbeeld het die prys van ʼn belangrike landbouproduk soos wol met 65% gedaal. Van 1933 ad het die landbou gunstiger vertoon, die goudprys het gestyg, en verdure mynuitbreidings is in die vooruitsig gestel.[49] Die ontwikkeling van die goudvelde op die Verre Wesrand (Carletonville-omgewing) as deel van die sogenaamde Goue Halfmaan-gebied wat vanaf Heidelberg tot Virginia strek, het in hierdie stadium ook daadwerklik aandag ontvang.[50]

Soos gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) verdure nywerheidsgroei aangemoedig. Groot bevolkingskonsentrasies in Suid-Transvaal[51] en in sommige kusstede het groot markte geskep.[52] Die bydrae van die fabriekswese tot die bruto binnelandse produk (BBP)[53] van Suid-Afrika het van 10.9% in 1939 tot 17.1% in 1949 en verder tot 20.1% in 1959 gestyg.[54] Hierteenoor was die goudmynbedryf teen 1948 steeds Suid-Afrika se belangrikste bron van inkomste en ʼn onontbeerlike verskaffer van werk.

---

[47] C.G.W. Schumann, "Die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika, 1910-1939", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid Afrika***, pp.234.
[48] L. Katzen, Gold and the South African economy, pp.73,76.
[49] L. Katzen, Gold and the South African economy, pp.86.
[50] Kyk ***Hoofstuk Vier,*** kaart 5, p.118a.
[51] Unie van Suid-Afrika, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, ***Industrial Development in the Southern Transvaal,*** 1954, pp.44-58.
[52] G. Marais, Die verband tussen ekonomiese ontwikkeling en vestiging van sekondêre nywerhede…, p.24.
[53] Die BBP van 'n gebied veronderstel die vergoeding wat by wyse van grond, arbeid, kapitaal en ondernemerskap in totaal ontvang word voordat enige aftrekkings gemaak is. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 09-10-01, ***Bruto binnelandse produk teen faktorkoste, 1911-1968,*** 1968, p.iii.
[54] G. Marais, Die verband tussen ekonomiese ontwikkeling en vestiging van sekondêre nywerhede…, pp.25-26.

Sowat 40 000 blankes en 330 000 swart mense was toe aan die goudmynindustrie verbonde.[55]

Die landbousektor het ook rooskleurig daaruit gesien. Hoë landboupryse sowel as ŉ plaaslike tekort aan landbouprodukte het tot ŉ verhoogde produksie van belangrike landbouprodukte bygedra. Toenemende meganisering, alhoewel nie so rewolusionêr as dié van die land se vervaardigingsindustrie nie, is gedurende die vyftigerjare in die landbou waarneembaar,[56] en dit het die gehalte van landbouprodukte gunstig beïnvloed.[57] Probleme soos oorbeweiding en onoordeelkundige gewasaanplanting het ook 'n afname begin toon, maar dit was nietemin teen die sestigerjare probleme wat nog in 'n te groot mate voorgekom het. Dit het teen 1960 geblyk dat slegs 20% boere toe vir 70& van Suid-Afrika se landbouopbrengs verantwoordelik was.[58] Dié toedrag van sake kan bes moontlik aan die vermelde probleem gewyt word. Tog, ten spyte hiervan, toon statistiek tussen 1946 en 1971 dat die produksie van gewasse soos mielies en koring sowel as dié van sitrusvrugte en wyndruiwe skerp toegeneem het. Dit het ook vir die veeteelt- en vir die wolbedryf gegeld, terwyl die produksie van slagpluimvee eers vanaf 1965 'n stewige vastrapplek in die verbruikersmark van vleis gevind het.[59]

Onluste en stakings onder swart mense in 1960, veral die Sharpeville-krisis, was die oorsaak dat sowat R200 miljoen privaatkapitaal aan die land onttrek is. Dit het egter nie die land so nadelig getref nie. Weliswaar het die onttrekking van kapitaal 'n groter afhanklikheid van binnelandse fondse tot gevolg gehad. Goudmyne byvoorbeeld moes aanvanklik van hulle winste vir bedryfsuitgawe aanwend. Sektore se onderlinge hulp en ondersteuning aan mekaar het egter dié finansiële laste verlig.[60]

---

[55] D.G. Malherbe, "Importance of mining in the economy of South Africa and the scope offered for better utilisation of mining products for industrial expansion", ***Journal of the Chemical, Metallurgical and Mining Society,*** 50, April 1950, p.236.

[56] D.G. Franzen en H.J.J. Reynders (reds.), ***Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika,*** p.70 en Anon., "Die Unie se landbou in die na-oorlogse tydperk", ***Boerdery in Suid-Afrika,*** April 1955, pp.203, 212.

[57] D. Houbart Houghton, ***The South African economy,*** p.18.

[58] P.L. Wickins, "Agriculture", F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa,*** pp.62-64.

[59] A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.246-247 en P.L. Wickins, "Agriculture", F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa,*** p.62-64.

[60] A.C.M. Webb, "Mining in South Africa", F.L. Coleman (ed.), Economic history of South Africa, p.192; D.Innes, Anglo American and the rise of modern South Africa, p.174 en Die Potchefstroom Nuus/News, 13.1.1961, p.2.

Teen 1965 was die Suid-Afrikaanse ekonomie, met inbegrip van die industriële sektor, in ‘n bloeiperiode. Ten opsigte van laasgenoemde is ‘n groeikoers van 5.6% oor vyf jaar opgemerk, en daarmee het die vervaardigingsindustrie die persentasie styging van die mynbou, sowel as die landbousektor, oortref.[61] Op grond van Suid-Afrika se ekonomiese vertoning sedert Republiekwording in Mei 1961 is die Regering aangespoor om die Eerste Ekonomiese Ontwikkelingsprogram (EOP) vir Suid-Afrika vir die termyn 1964-1969 op te stel. Aanvanklik is dit jaarliks en tweejaarliks hersien. Die doel met die EOP was om die ekonomie so te beheer dat die Republiek min of meer volgens sy groeipotensiaal sou ontwikkel.[62]

Gedurende die eerste EOP-termyn het die Regering met verskeie probleme te kampe gehad. So byvoorbeeld was ’n arbeidstekort aan blanke geskoolde persone in die mynbousektor besig om toe te neem, terwyl ’n surplus van swart werkers onstaan het, wat werkloosheid verhoog het.[63] Die industriële sektor, as jong dinamiese kompeteerder in die sakewêreld, is hiervoor geblameer.[64] Teen 1966-67 het inflasie die ekonomiese groei van Suid-Afrika belemmer, en dit het ’n invloed op al die sektore gehad. Bo en behalwe die Regering se ingrype in onwettige stakings is die goudmynbedryf,[65] is die land se groeikoers in 1969 verlaag, sodat die agterstallige betalingsbalans van R143 miljoen uit die weg geruim kon word.[66] Teen hierdie agtergrond het die Pretoriuskomitee-verslag in 1970 verskyn. Die Komitee het die opstel van ‘n nasionale fisiese ontwikkelingsplan (NFO) voorgestel. Dié het in 1975 op die NFO uitgeloop, en dit is beskou as die eerste omvattende uiteensetting van Regeringskant om die regionale ekonomiese ontwikkeling te struktureer en te beplan.[67]

Bovermelde ontwikkelingsplan was gedurende die middel-sewentigjare nog in sy kinderskoene. Gevolglik het die tekort aan geskoolde blanke arbeid steeds toegeneem en ‘n

---

[61] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no.09-10-01, ***Bruto binnelandse produk teen faktorkoste, 1911-1968,*** 1968, p.39 en T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** fourth edition, p.501.
[62] Republiek van Suid-Afrika, Ekonomiese Ontwikkelingsprogram van die Republiek van Suid-Afrika, 1978-1987: ‘n strategie vir groei, I, 1979, pp.2-3.
[63] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** fourth edition, p.503.
[64] Anon., “Republic of South Africa”, ***Mining Annual Review,*** 1965, p179.
[65] Anon., “Republic of South Africa”, ***Mining Annual Review,*** 1965, p227.
[66] Anon., “Republic of South Africa”, ***Mining Annual Review,*** 1965, p237.
[67] R.P. Viljoen, Aspekte van regionale ekonomiese analise en beplanning met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse ervaring, pp.62-63, 77.

lae uitvoervertoning Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling steeds geaffekteer.[68] Die werkloosheidsyfer onder die swart mense was hoog en toenemende onrus het teen 1976 op stakings, boikotte en onluste uitgeloop. Te midde van die eis van swart, bruin en Indiër-politieke deelname in 'n atmosfeer van groeiende verset, is eie vakbonde sowel as die afskaffing van blank-gereserveerde poste in alle sektore voorgestel.[69] Hieruit het die opstel van 'n negende EOP[70] in 1977 ontwikkel, sowel as die aanwysing van die Riekert- en Wiehahnkommissie om die land se ekonomiese posisie in oënskou te neem.[71] Aanbevelings wat onder meer deur dié kommissies gemaak is, is die erkenning van swart vakbonde, 'n intensiewer opleidingsprogram en die daarstelling van die nodige opleidingsfasiliteite sowel as die aanstelling van bevoegde swart mense in poste wat aanvanklik net vir blankes gereserveer is. Van hierdie aanbevelings is reeds in 1979 toegepas.[72]

'n Beter vertoning binne die onderskeie sektore met die aanvang van die dekade tagtig het die finansiële posisie van die land begunstig. Hieronder tel die hoer goudprys en die uitbreidingskemas van goudmyne sowel as dié van die steenkoolmyne wat die produksiesyfers van hierdie minerale die hoogte laat inskiet het.[73] Terselfdertyd is meer werksgeleenthede geskep.[74] Die sekondêre bedryf was egter steeds die vernaamste produktiewe sektor, maar die afhanklikheid van dié sektor van ingevoerde materiaal en toerusting het volgehoue groei vertraag.[75] Daarbenewens het die landbousektor, ten spyte van ernstige klimatologiese terugslae, bestendig daaruitgesien. Die uitvoere van landbouprodukte het gedurende hierdie periode toegeneem, en hiermee is 'n stewige bydrae tot die staatskas gelewer.[76]

---

[68] D. Innes, Anglo American and the rise of modern South Africa, pp.173, 208 en Tegniek, Junie 1976, pp.1-2, 9.
[69] P.L. Wickins, "Land and labour", F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa,*** pp.32-34.
[70] Republiek van Suid-Afrika, Ekonomiese Ontwikkelingsprogram van die Republiek van Suid-Afrika, 1978-1987…, I, 1979, pp.4, 8-11.
[71] J. Nattrass, ***The South African economy: its growth and change,*** pp.226-227 en F. Fisher and L. Schlemmer (***et al.***), "Economic growth and its relationship to social and political change", L. Schlemmer and E. Webster, ***Chanfge reform and economic growth in South Africa,*** pp.9-11, 111.
[72] R.F. Botha, "Ekonomiese beleid in Suid-Afrika sedert 1970: 'n evaluering van die toepassing van beleidsinstrumente teen die agtergrond van die beginsels onderliggend aan die vrye markstelsel", ***Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA)***, 8, 1986, pp.287-300, 305.
[73] Republiek van Suid-Afrika, "Verklaring vrygestel deur Sy Edele die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha", ***Ekonomiese Adviesraad,*** 54, 28-29.2.1980, pp.1, 2, 6 en I.J. Strydom, ***Die anneksasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie: die verlede, hede en moontlikhede vir die toekoms,*** p.3.
[74] A.C.M. Webb, "Mining in South Africa", F.L. Coleman (ed.), Economic history of South Africa, p.193-194 en J. Nattrass, The South African economy: its growth and change, pp.226-227.
[75] A.B. Lumby, "Industrial development prior to the Second World War", F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa,*** p.243-244.
[76] P.L. Wickins, "Agriculture", F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa,*** p.72.

ʼn Afskaling in die Regering se betrokkenheid met betrekking tot die land se ekonomiese ondernemings het privatisering in Suid-Afrika aangemoedig.[77] Te midde van die gemengde gevoelens wat privatisering in Suid-Afrika gewek het, [78] is dié proses nietemin aangemoedig.[79] Die Regering het in hierdie stadium ook die land se buitelandse skuldlas aangepak. Die lae goudprys na 1981, gepaard met die swak klimatologiese landboutoestande en ʼn hoë binnelandse vraag, is as redes vir Suid-Afrika se trae ekonomiese groei voorgehou.[80] Ongeag daarvan dat die land teen 1983-84 ʼn mini-opswaai beleef het,[81] het die verswakte ekonomiese tendens gedurende 1984-85 steeds voortgeduur.[82] Dit het ʼn rustelose toestand in die land geskep wat vakbondaktiwiteite binne die industriële sector sodanig verskerp het, dat chroniese konfrontasie met die Regering tot 1988 nog voorgekom het.[83]

Wat die algemene ekonomiese posisie van Suid-Afrika teen 1986 betref was dit nie enigsins beter nie, en die Regering moes toesien hoe al die sektore kwyn. Bo en behalwe dat die aandeel van Suid-Afrika in die wêreld se goudproduksie tot 55% gedaal het, het die onderhoudskoste van myne ook skerp gestyg en die lewensverwagting daarvan verkort.[84] Hierteenoor het gunstiger weersomstandighede gedurende die reënseisoen van 1986-87 die landbouproduksie aanmerklik laat verbeter. Met die uitsondering van mielies en sojabone was ander gewasse egter nie in staat om in Suid-Afrika se huishoudelike behoeftes te voorsien nie.[85] Die industriële sector is eweneens gekniehalter. Faktore soos swart

---

[77] M.C. O'Dowd, "The stages of economic growth and the future of South Africa", L. Schlemmer and E. Webster, ***Change, reform and economic growth in South Africa,*** p.39.
[78] South African Institute of Race Relations, ***Race relations survey, 1988/89,*** pp.347-351 en D. Caldwell, ***South Africa: the new revolution,*** pp.196-197.
[79] D. Caldwell, South Africa: the new revolution, pp.182-197 en I.J. Strydom, Die anneksasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie…, p.5.
[80] L.A. van Wyk, "Ekonomiese tendens in die RSA: huidig en die toekoms", ***Oënskou,*** 2(8), September 1984, pp.327-328; Chamber of Mines of South Africa, ***93rd Annual report,*** 1982, p.4 en Republic of South Africa, ***Economic Development Programme for the Republic of South Africa: 1978-1987 – partners in development,*** revised edition, 1981, pp.26-27.
[81] Anon., "Oorsig van die ekonomie in die landbousektor", Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, Jaarverslag, 1986/87, p.13 en I.J. Strydom, Die anneksasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie…, pp.5, 23.

[82] L.A. van Wyk, "Begroting 1985: nuwe geloofwaardigheid?", ***Oënskou,*** 2(2), Maart 1985, pp.40-41.
[83] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** fourth edition, pp.516-517.
[84] A. Golding, "Precious metals", ***Mining Annual Review,*** 1985, p.39 en G. Milling-Stanley, "Precious metals", ***Mining Annual Review,*** 1986, p15.
[85] Anon., "Oorsig van die ekonomie in die landbousektor", ***Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, Jaarverslag, 1986/87,*** pp.13, 18 en ***Boerdery/Farming,*** 30.9.1988, pp.1-2.

radikalisering en die uitwerking van eksterne druk op apartheid ten spyte van die Regering se hervormingsproses, het buitelandse beleggers afgeskrik en industriële groei vertraag.[86]

Die periode 1987-1988 het nie beter belofte vir ŉ standvastiger Suid-Afrikaanse ekonomie ingehou nie. Daarby was dit betreklike stil jare op die goudmark. Die land se ekonomiese posisie is wel teen Desember 1988 as gunstiger beskou. Faktore wat vir hierdié toedrag van sake verantwoordelik was, was onder meer 'n hoër goudprys as in vorige maande, 'n effens laer inflasiekoers en ŉ BBP-toename van sowat 3%.[87] Die onstabiele politieke klimaat in die land is in hierdie stadium steeds as een van die hoof redes vir Suid-Afrika se trae ekonomiese vertoning voorgehou.[88]

### *1.3 DIE KOMMUNIKASIEWESE AS SPILPUNT GEDURENDE DIE ONTWIKKELINGSFASES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE*

Geen land of gemeenskap kan werklik ekonomies groei sonder 'n lewenskragtige kommunikasienetwerk nie. Benewens die feit dat dit die sosiale karakter van 'n omgewing beïnvloed, stimuleer dit op sy beurt ook ekonomiese ontwikkeling.[89] Verder lei dit noodwendig tot nouer skakeling tussen dorpe en werk dit stimulerend op 'n breë spektrum van 'n gemeenskap se aktiwiteite.[90] Die geskiedenis van veral verbindingsweë, naamlik die spoorweë en paaie, is ten nouste met die ekonomiese ontwikkelingsfases van die Suid-Afrikaanse ekonomie vervleg. In dié verband word die vestigingsgeskiedenis van die pad- en spoornetwerk as ekonomiese bate in die Suid-Afrikaanse konteks breedweg bespreek.

---

[86] M. Lipton, Capitalism and apartheid in South Africa, 1910-1986, pp.377-378 en South African Institute of Race Relations, Race Relations Survey, 1987/88, pp.143-144.
[87] Assocom, "Assocom extends seasonal greetings and good wishes for a prosperous 1989", ***Monitor,*** 103(2), December 1988, pp.1-2; Standard Bank, "Monetary policy and interest rates in 1989", ***Economic Review,*** January 1989, p.1; Republiek van Suid-Afrika, verslag no. WPB-89, ***Statistiese ekonomiese oorsig in verband met die begrotingsrede, 1989/90,*** pp.5, 7-8; Nedbank, ***Gids tot die ekonomie,*** Februarie 1990, p.4 en Consolidated Gold Fields, ***Gold,*** 1989, p.7.
[88] South African Institute of Race Relations, ***Race realtions survey, 1988/89,*** p.323; J. Willemse, "So raak wêreld SA-ekonomie", ***Landbouweekblad,*** 2.6.1989, pp.18-19 en Asscom, "Asscom extends seasonal greeting…, ***Monitor,*** 103(2), December 1988, pp.1-2.
[89] J. Nattrass, ***The South African economy: its growth and change,*** pp.226-227. Vergelyk ook F. Fisher, L. Schlemmer (et al.), "Economic growth and its relationship to social and political change", L.Schlemmer and E. Webster, ***Change, reform and economic growth in South Africa,*** pp.9-19.
[90] P.J. Welgemoed, "Vervoer in Suid-Afrika op pad waarheen?" ***Randse Afrikaanse Universiteit, publikasiereeks,*** A48, 1975, p.1.

### *1.3.1 Paaie*

As gevolg van die gebrek aan behoorlike paaie gedurende die landboufase (1652-1867), veral met betrekking tot binnelandse verbindings, is die effektiewe bemarking van produkte gekortwiek. Noodsaaklike lewensmiddele wat vernaamlik in die Kaap aangekoop moes word, was dus aanvanklik moeilik bekombaar.[91] Teen die laat negentiende eeu egter het die padnetwerk al hoe gunstiger daaruit gesien.

Alhoewel weinig bronne dit pertinent aandui, wil dit voorkom asof dit veral die groeiende bevolking aan die Kaap was, gepaard met hul verspreide voorkoms in dié gebied, wat die bou van paaie in die sewentiende eeu in Suid-Afrika aangemoedig het. Só byvoorbeeld het die sogenaamde Trekkerspad of Cradockkloffpad reeds in 1689 as die vernaamste verbindingsroete tussen die Wes- en Ooskaap bekend gestaan.[92] Die nouer skakeling tussen bewoners wat deur die toedoen van dié pad en soortgelyke paaie bevorder is, moes toe al sekerlik tot voordeel van die bestaande ekonomiese aktiwiteite in dié gebiede gestrek het.

Die Britse owerheid in die Kaap het na 1824 aandag aan die bou van passe oor etlike bergreekse geskenk. As die koloniale sekretaris gedurende 1843 tot 1852 het John Montagu paaie en passe doelgerig ontwikkel, waaronder die verbetering van die pas deur die Cradock-Kloof. Die opening en herdoping van hierdie roete in 1849 as die Motagupas het gunstige ekonomiese implikasies gehad. Vir die verhandeling van produkte wat byvoorbeeld voorheen ‘n reis van veertien dae na die hawe van Port Elizabeth beteken het, was die nader hawe Mosselbaai, van sowat twee dagreise ver, ‘n gewilder keuse.[93]

Die groter wordende beweeglikheid van die Kaapse veeboer, veral sedert die begin van die agtiende eeu,[94] het ‘n beslissende bydrae tot die uitbouing van roetes noordwaarts, die

---

[91] V.C. Wood, “Die skepping van ‘n infrastruktuur vir ‘n modern ekonomie: die padstelsel”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.94-95.
[92] Unie van Suid-Afrika, Ministerie van Vervoer, ***‘n Eeu van vervoer, 1860-1960,*** p.138.
[93] V.C. Wood, “Die skepping van ‘n infrastruktuur…”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.94-95.
[94] H. Giliomee en R. Elphick (reds.), ‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1820, pp.44-52 en P.J. van der Merwe, Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1652-1842, pp.8, 65, 68, 133-134.

binneland in, gelewer.[95] Etlike veeboere se daadwerklike volksverhuising na die binneland teen 1836, naamlik toe die Groot Trek ‘n aanvang geneem het, het onbewoonde woeste landstreke oopgestel. Dit was egter die Skot, Andrew Geddes Bain, wat as padinspekteur van Wes-Kaapland tussen 1845 en 1848 die bou van ‘n funksionele pad na die noorde op sy skouers geneem het. Hiervoor het hy met die hulp van sowat 240 swart arbeiders eers die Mitchellspas gebou. Hierna het die ontwikkeling van ‘n pad oor die Gydopas naby die Koue Bokkeveld, asook ‘n pad oor die Karoopoort, gevolg. Sodoende is die geweste na die Groot-Karoo en verder noord, Vrystaat in, oopgestel. Hierdie mylpaal in die padbougeskiedenis van Suid-Afrika was in meer as een opsig ekonomies voordelig. Afgesien daarvan dat daartoe bygedra het om die isolasie tussen noord en suid te verminder, is dorpsproklamering in die omgewing van dié roete ook aangemoedig. Ceres is hiervan ’n sprekende bewys.[96]

Dorpsbesture van die onderskeie verklaarde dorpe verder die binneland in, het die bou van paaie in hul distrikte behartig. Dit het egter nie oornag geskied nie. Potchefstroom byvoorbeeld, as die oudste en steeds vernaamste dorp in die Transvaal teen 1867 toe diamante en goud ontdek is, het eers gedurende September van daardie jaar van sy dorpspaaie vir die eerste keer gegruis.[97] Verder was die poskoetsdienste wat alle distrikte gereeld deurkruis het na die regte vir die bloudruk van roetes, wat vanaf die dekade sewentig meet permanensie verkry het, verantwoordelik.[98]

Sedert 1867, gedurende die mynboufase in die Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling, het die bou van behoorlike paaie in die kolonies en republieke toenemend aandag ontvang. Verbindingsroetes is veral deur mynmaatskappye vanaf dorpe na die myngebiede aangelê vir die gerief van hulle werkers. Nietemin was die toestand van feitlik alle paaie in die ZAR teen die sewentiger-, tagtigerjare as onbegaanbaar beskou. Daar is van die Transvaalse paaie gepraat as ***a country without roads*** en ***mere tracks formed by ox-wagons***. Namate die Republiek as gevolg van die goudontdekkings welvarender geword het, is meer fondse

---

[95] Die gevolgtrekking word gemaak met verwysing na een, uit moontlike talle voorbeelde, naamlik A. Appel se studie oor Outdshoorn. Kyk A. Appel, “ Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: ‘n sosio-ekonomiese studie”, ***Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,*** 51(2), 1988, p.59.
[96] P. Storrar, ***A colossus of roads,*** pp.10, 29, 30-34 en V.C. Wood, “Die skepping van ‘n infrastruktuur…”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.94-95.
[97] W.J. Badenhorst, Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1938, p.34.
[98] H. Zeederberg, ***Veld express,*** pp.17-19.

vir die instandhouding en uitbreiding van paaie bewillig.[99] Ekonomies gesien, is dit sekerlik deur alle sektore verwelkom, aangesien behoorlike paaie daartoe bydra dat die verbruiker nader aan die produsent, handelaar, en werkgewer is.

Teen Uniewording was die gebruik van die motorvoertuig al redelik gesog, en dit het gaandeweg ‘n behoefte aan verbeterde paaie geverg.[100] In 1922 was daar 25 394 motors, 24 busse, 1058 kommersiële voertuie en 15 115 motorfietse in die land. Die gebruik van motors en busse het teen 1935 onderskeidelik veragt- en vertienvoudig. Industriële vestiging wat in hierdie stadium teen ‘n snelle tempo ontwikkel het, is ook ’n faktor waarmee die padbedryf rekening moes hou, aangesien die getal handelsvoertuie in hierdie stadium al 25 004 getel het en standaard-verbindingsweë vir die vervoer van allerlei vervaardigde goedere onontbeerlik geword het.

In 1935 het nuwe wetgewing met betrekking tot nasionale paaie in Suid-Afrika stukrag aan die padwese gegee. ‘n Skema is vir die bou van nasionale paaie opgestel.[101] Aandag is ook aan die bou van verbindingsweë tussen dorpe geskenk. Die lê van teerblaaie het na die Tweede Wêreldoorlog toegeneem.[102]

Met Republiekwording in 1961 was 94% van die oorspronklike skema al afgehandel, en dit vir ‘n verdure termyn van tien jaar aangevul. Die bou van snelweë en provinsiale paaie was die vernaamste termyn van tien jaar aangevul. Die bou van snelweë en provinsiale paaie was die vernaamste doelwitte vir die dekade tot 1971. Vanaf 1978 tot in die tagtigerjare is dit veral die bou van tolpaaie wat die aandag van die Departement van Vervoer opgeëis het.[103] Teen 1988, na 52 jaar van intense padontwikkeling, net Suid-Afrika oor behoorlike paaie beskik, en in hierdie stadium ‘n onontbeerlike bydrae gelewer om die land se ekonomiese hartklop gladweg te laat verloop.

---

[99] F.J. Potgieter, “Die ekonmiese ontwikkeling van Transvaal, 1837-1886”, A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.143-145, 151-152. Vergelyk ook E.S. van Eeden, ***Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948,*** pp.168-169.

[100] Unie van Suid-Afrika, Ministerie van Vervoer, ***‘n Eeu van vervoer, 1860-1960,*** p.141.

[101] B.C. Floor, The History of national roads in South Africa, pp.4-5, 32, 37, 38-39.

[102] V.E. Solomon, “Transport”, F.L. Coleman (ed.), Economic history of South Africa, pp.89, 99. Vergelyk ook G.L. van Heerde, Die invloed van modern vervoer op die ontwikkeling van dorpe in Wes-Transvaal, p.116.

[103] B.C. Floor, The history of national roads in South Africa, pp.43, 48-61, 87, 90.

### *1.3.2 Spoorweë*

Spoorweë in Suid-Afrika is eers werklik gedurende die landbou-mynboufase van ekonomiese ontwikkeling uitgebou. Weer eens was dit die ontdekking van diamante en goud, maar ook die politieke wedywering tussen die eertydse kolonies Kaap, Natal en die ZAR en OVS-Republiek,[104] wat die vernaamste dryfveer vir ontwikkeling was.

Kort voor die landbou-mynboufase is 'n paar spoorroetes in Natal sowel as in die Kaapkolonie in gebruik geneem. Hiervan was die 3,2 kilometer roete tussen Durban en Point, wat in Junie 1860 oopgestel is, die heel eerste spoorroete in Suid-Afrika.[105] In Februarie 1862 het die opening van die eerste spoorroete in die Kaapkolonie, naamlik tussen Kaapstad en Eersterivier, gevolg. Afgesien daarvan dat dié nuwigheid die Kolonialers rede gegee het om per spoor te reis,[106] was die vernaamste doel van hierdie interne spoorroetes sekerlik eerder om van nut vir die plaaslike ekonomiese sektore te wees deurdat produkte vervoer kon word.

Die bou van spoorlyne in die ZAR en die OVS het eers na die ontplooiing van die goudmyne in die Witwatersrand-omgewing daadwerklik aandag ontvang. Daarmee het die lank onvervulde ideaal van president Paul Kruger en die ZAR om 'n eie seeweg vir die land te kry, ook vergestalting gevind.[107] Onderwyl die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappy (NZASM) met die bou van die Oosterlyn vanaf die Rand na Delgoabaai besig was, is die Kaap-Johannesburg-roete in 1892 voltooi. In 1894 is die Oosterlyn na die Rand eers voltooi, waarna dit in 1897 verder uitgeloop het op die Suidwetelyn wat die verbinding van Kimberley met die Rand in die vooruitsig gestel het.[108]

---

104 C.G.W. Schumann, "Interregionale konkurrensie ten opsigte van spoorweg- en handelsbeleid", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** p.216.
105 E.H. Brookes and C. de B. Webb, ***A history of Natal,*** p.78. Vergelyk ook W.P.N. Lötz, "Geskiedkundige ontwikkeling van internasional spoorvervoer in Suider-Afrika", ***Afrika-Instituut*** mededelinge, 25, 1974, p.7.
106 D.H. Hydenrych, Die geskiedenis van die spoorweë in die Kaapkolonie tot 1885, p.22.
107 D.W. Kruger, ***Die weg na die see,*** p.271. Vergelyk ook P. Edwards, "Die Suid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanke se stryd om Delagoabaai, 1889-1899", ***Acta Academica***, 23(2), Mei, 1991, pp.34-51.
108 R.C. de Jong and G.M. van der Walt (et al.), ***NZASM 100, 1887-1899, the building steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company,*** p.88 en C.F. van R. Zietsman, "Die bou van die Suidwestelyn, 1895-1897, en die NZASM-stasiegeboue op Krugersdorp en Klerksdorp", ***Contree***, 12, Julie 1982, pp.5-7.

Die opening van al die bovermelde roetes het nuwe stukrag aan die Republiek se ekonomiese aktiwiteite en strategie gegee. Produkte wat vervaardig is, kon nou op 'n grootskaalse grondslag binnelands en buitelands verhandel word. Aan die ander kant is die handelsverbintenisse met die Kaapkolonie en Natal ook hierdeur bevorder, en dit het onwelkome kompetisie geskep.[109]

Die Republieke se gebruik van die onderskeie spoorroetes was kortstondig. In 1899 het die Tweede Vryheidsoorlog tussen die twee Boererepublieke en Brittanje uitgebreek, gevolg deur Brittanje se oorname van beide die ZAR en die OVS in 1902. Die administratiewe en grondwetlike verwikkelinge wat hierna gevolg het, het tot die totstandkoming van die Unie gelei.[110]

Vir die spoorweë het Uniewording verandering meegebring. Gedurende 1910 is die Suid-Afrikaanse Spoorweë as oorkoepelende liggaam tussen die onderskeie provinsiale spoorwegadministrasies in die lewe geroep.[111] Hierdeur is die grondslag vir talryke nuwe spoorwegstasies en 'n uitgebreider gekonsolideerde spoorwegnetwerk op Suid-Afrikaanse bodem gelê.[112] Daar was egter by tye beperkte ontwikkeling vanweë eksterne faktore. Hiervan is die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 'n sprekende voorbeeld. Hierdie oorlog het feitlik ses jaar lank 'n ontwrigtende effek op die infrastruktuur van spoorvervoer gehad, en dié het op sy beurt die totale ekonomie in trurat gedwing. Dit was veral die versending van produkte wat soms maande geneem het om hul bestemming te bereik, wat probleem gegee het.


Na die oorlog wou die Regering vergoed, en grootskaalse ontwikkelingskemas het na 1945 die lig gesien. Hiervan is die elektrifisering van spoorlyne van 1948 sekerlik die vernaamste. Die vervoer van die land se ryk bedeelde minerale bronne het 'n prominente rol in die elektrifisering van bepaalde spoortrajekte gehad.[113] Ook die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat reeds in hierdie stadium sy derde fase van ekonomiese ontwikkeling betree het, het hierby gebaat.

---

[109] C.G.W. Schumann, "Interregionale konkurrensie ten opsigte van spoorweg- en handelsbeleid", A.L. Müller (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,*** pp.218-221. Vergelyk ook P.L. Wickins, "Agriculture", F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa***, p.58.
[110] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history,*** third edition, pp.211, 222-228, 243-245, 255.
[111] Unie van Suid-Afrika, Ministerie van Vervoer, ***'n Eeu van vervoer, 1860-1960,*** p.ix.
[112] V.E. Solomon, "Transport", F.L. Coelman (ed.), ***Economic history of South Africa,*** pp.100, 103 en D. Houbart Houghton, ***The South African economy,*** pp.197-198.
[113] P.O. Sauer, "The transport position in South Africa", ***Optima,*** 2(4), December 1952, pp.17-21.


### *1.4 TEN SLOTTE*

Uit die ontstaansgeskiedenis van Carletonville het dit geblyk dat ekonomiese faktore, en veral die vestiging van die goudmynbedryf in die gebied, strek instrumenteel was vir die onstaan van dorpe in dié gebied. In welke mate dorpe geproklameer is om die ekonomiese infrastruktuur in die Carletonville-omgewing te akkommodeer, word vervolgens in ***Hoofstuk Twee*** bespreek.




KAART 1 DIE CARLETONVILLE MUNISIPALE-GEBIED BINNE DIE OBERHOLZER-DISTRIK TEEN 1988

**Guy Carleton Jones**



Bron: Gold Fields of South Africa